Bylaag T

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

GESPREK OOR DIE SINODALE BOEKHOUDING EN BELEGGINGS GEHOU TE BYBELHUIS OP 17 MEI 2006

1. PRESENSIE

Ds Hansie Schutte (Voorsitter)
Dr Chris van Wyk (Onder-voorsitter)
Dr Schalk du Toit (Aktuarius) - Verskoning
Ds Danie Mouton (Skriba)
Ds Arnold van der Westhuizen (sekundus vir aktuarius)

Dr Jan Viljoen (DA)
Ds Christo van Heerden (DL Finansies)
Me Theresa Botha (Rekenmeester)

Mnr Tommie van der Mescht (ouditeur)

2. OPENING EN VERWELKOMING

2.1 Ds Hansie Schutte, voorsitter, open die vergadering met gebed.

3. DOEL

3.1 Die voorsitter verduidelik dat hierdie gesprek gevoer word om duidelikheid te verkry oor die praktiese bestuur van die boekhouding ter uitvoering van die besluite van die Buitengewone Sinode van 2005 en die bepalings van Reglement 8.8.

3.2 Die vergadering sal ook kennis neem van die stand van die sinodale beleggings.

4. SINODALE FONDSE IN DIE LIG VAN SINODALE BESLUITE (2005) EN REGLEMENT 8.8

4.1 Die vergadering neem kennis van die advies van die aktuarius (Bylaag F by die Sakelys SK 2006-05-18).

4.2 Die vergadering neem ook kennis van die besluite van die Buitengewone Sinode 2005, soos vervat in Bylaag E (Sakelys SK 2005-11-24).

4.3 Aanbevelings
4.3.1 Die SK gee opdrag dat Reglement 8.8 in lyn gebring word met die besluite van die Buitengewone Sinode 2005.
4.3.2 Die DA ontvang opdrag om die herformulering van Reglement 8.8 af te handel met die oog op die volgende SK-vergadering, sodat dit aan die Sinode 2007 vir goedkeuring voorgelê kan word.
4.3.3 Die DA stel inligting in verband met die ontvangs en aanwending van sinodale kollektes (as deel van die totale befondsing van die ringsprojekte in terme van die tradisionele bedieningsterreine van die kerk) aan gemeentes beskikbaar. Dit kan goedskiks in OosKaap eNuus gepubliseer word.

5. SINODALE BELEGGINGS

5.1 Die vergadering neem met dankbaarheid en waardering kennis van die stand van die sinodale beleggings (Bylaag N van die Sakelys SK 2006-05-18).

5.2 Bespreking word gevoer oor die risiko verbonde aan die beleggings in terme van die voorskrifte van die Kerkorde. Die konklusie, met instemming van die sinode se ouditeur, is dat die beleggings in ooreenstemming met die Kerkorde geskied.

6. AFSLUITING

Chris van Wyk sluit die vergadering met gebed af.